# GEMEENTEBULLETIN

**10 JULIE 2020**

STELLENBERG GEMEENTE

## EREDIENSTE OP 12 JULIE

**Oggend-en-gesinsdiens**

In die kerk om 09:00
Direkte uitsending om 09:00 | www.stellenberg.co.za

2 Samuel 7:1-19 | God se NEE wat 'n opwindende JA word | Ds. Why Duvenhage

**Meditatiewe diens**

2 Samuel 7:18-19 | My geloofsreis op pad saam met ander | Ds. Philipp Dietmann

**Relevant-diens**

Matteus 3:7-10 en Matteus 11:1-6 | *Deconstructing faith* | Ds. Hanno Ackerman

**KYK** aanlyn Sondagoggend om 09:00 na die direkte uitsending van die oggend-en-gesinsdiens, of vanaf 10:00 en enige tyd daarna na die opname op www.stellenberg.co.za, of op die Youtube-kanaal. Opnames van die meditatiewe en Relevant-dienste is soos voorheen vanaf 06:00 op die webwerf beskikbaar.

**LUISTER** na die klankbaan van die oggenddiens op die webwerf.

**LEES** die geskrewe oggenddienspreek op die webwerf.

## HOOP IN 'N HANDSAK

Op 9 Augustus vier ons Vrouedag en vanjaar wil ons graag 'n verskil in die lewens van hawelose vroue maak. Daarom wil ons graag aan hawelose vroue in ons omgewing elkeen 'n handsak vol bederfgeskenke gee.

Neem 'n handsak (oud of nuut) en pak asb die volgende items daarin:

Deodorant, sneesdoekies, 'n kam/borsel, handreinigingsmiddel, handeroom, sanitêre produkte, lipstiffie of lipsalf, 'n serp of mus, 'n notaboekie en pen en 'n sjokolade.

Gee asb. die handsak voor 14 Augustus by die kerkkantoor af. Ons sal die handsakke in samewerking met die MES-kantoor in Bellville uitdeel.

### GEDAGTES VIR ELKE DAG VAN INPERKING

**Nou ook in 'n stem-boodskap.**

Die geestelike dagstukke kan voortaan elke dag as 'n stemboodskap wat deur 'n leraar opgeneem is, geluister word, of jy kan steeds soos voorheen, die geskrewe boodskap lees. Die geskrewe boodskap, asook die stemboodskap is daagliks op www.stellenberg.co.za onder "Gedagtes vir elke dag" of op die gemeente se Facebookblad beskikbaar.

Indien jy daagliks die stemboodskap op jou selfoon wil ontvang, WhatsApp jou selfoonnommer + jou naam + stemboodskap na 083 611 4720.

## 'N EREDIENS IN DIE KERK OP SONDAE

Lees asb. die volledige inligting rakende die inrigting van eredienste in die kerkgebou op www.stellenberg.co.za.

'n Erediens sal elke Sondagoggend om 09:00 in die kerkgebou aangebied word, terwyl die aanlyn dienste ook voortgaan. Die oggend-en-gesinsdiens word om 09:00 direk uitgesaai en vanaf 10:00 en enige tyd daarna is die opname op www.stellenberg.co.za, of die YouTube-kanaal beskikbaar.

Slegs 50 persone mag volgens Covid-19-regulasies 'n erediens bywoon. Daarom versoek ons dat jy jou plek om 'n diens by te woon gedurende die week wat die Sondag voorafgaan, sal bespreek. Stuur 'n e-pos na karen@stellenberg.co.za, of skakel die kerkkantoor weeksdae, tussen 08:00 en 13:00, by 021 976 4519. Besprekings moet asb. voor Vrydae 12:00 gedoen word. Stuur die volle name en identiteitsnommers van al die persone wat die diens gaan bywoon sodat ons die vereiste register kan byhou.

## ANNIBRAND SENIOR

Om dinge vir ons tienergroep (graad 7 tot 11) wat tans baie aanlyn verpligtinge het, te vergemaklik, word kategesesessies verkort en gaan daar voortaan op Woensdae en Sondae 'n kort vyf-minute-boodskap aan tieners gestuur word. Kleingroepgesprekke saam met leiers gaan voort via *Discord, Zoom en Microsoft Teams,* maar sal ook korter wees. Ouers, tieners, of kategeseleiers wat enige navrae rakende die senior kategese het, kan vir ds. Hanno Ackerman by 079 543 5261 of hanno@stellenberg.co.za kontak.

## ANNIBRAND JUNIOR

Weeklikse lesmateriaal is op www.stellenberg.co.za/annibrand juniors beskikbaar. Ds. Hanno Ackerman bied ook weekliks die lesmateriaal in 'n aanlyn video aan wat die jongspan sal help om die lesmateriaal in 'n japtrap af te handel . Moenie vergeet om Sondagoggende 'n tydjie vir kategese in te ruim nie.

### STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. 'n Kliniese sielkundige, spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied. Die sentrum is gesluit, maar Rudolph van Schoor, sentrumbestuurder en lewensafrigter, is beskikbaar by

082 854 4530.

### HET JY 'N PREEK MISGELOOP?

Kliek op die eredienste-blokkie op die webwerf en dan op die YouTube-skakel om die argief van al die opnames van preke te bereik.

## BYBELSKOOL | PAULUS SE BRIEWE

Die grootste deel van die Nuwe Testament bestaan uit briewe wat deur Paulus aan die vroeë gemeentes geskryf is. Dit is dikwels vir ons moeilik om elkeen van Paulus se briewe afsonderlik te beoordeel en die belangrike nuanses en verwikkelinge wat in die skrifgedeeltes opgesluit lê, te begryp. In die aanlyn Bybelskool gaan ons juis in Paulus se voetspore loop en ontdek hoe nuwe moontlikhede vir gelowiges onder leiding van God se Gees in hulle eie leefwêrelde gerealiseer het.

Die aanlyn kursus is nou beskikbaar op www.stellenberg.co.za. Kliek op die Bybelskool-blokkie op die tuisblad. Nuwe materiaal word elke Dinsdag bygevoeg.

## PREEKREEKS

Ons huidige preekreeks is:

Ek **GLO, GROEI** en aanvaar myself, omarm ander en **LEEF** só om 'n verskil in hierdie wêreld waarin God regeer, te maak.

So skakel 'n mens in:

- **Eredienste**. Skakel in by ons aanlyn eredienste, of woon die oggenddiens in die kerk by.
- Besoek Bybel Media se webruimte ***faithpath.co.za*** en voltooi van die aanlyn vraelyste wat daarop beskikbaar is. Daar is verskeie vraelyste op die webwerf wat jou sal begelei om jou eie geloofstyl beter te verstaan en so ook as gelowige te groei.
- **'n Bykomende vraelys** word gratis, net vir Stellenberg-lidmate, beskikbaar gestel. Om die skakel na die vraelys te bekom, stuur 'n e-pos na karin@stellenberg.co.za.

## HULP@STELLENBERG.CO.ZA

Indien jy hulp (fisies of geestelik) benodig tydens die inperking, of graag hulp wil aanbied, stuur asb. 'n e-pos aan hulp@stellenberg.co.za, of skakel een van ons leraars telefonies.

### PROJEK SAMARITAAN HULPLYN

hulp@stellenberg.co.za

### NUUS PER E-POS OF OP JOU SELFOON

- Ontvang die bulletin weekliks, asook die skakels na eredienste per e-pos deur jou e-posadres aan sanel@stellenberg.co.za te stuur.
- Sluit by die WhatsApp-groep aan om die bulletin en die skakel na die oggenddiens op jou selfoon te ontvang deur jou naam, van en selfoonnommer na 083 611 4720 te stuur.

### GEBEDSVERSOEKE

Stuur jou gebedsversoeke (anoniem indien jy dit verkies) na navrae@stellenberg.co.za.

## SKUILING VIR HAWELOSES

Slegte weerstoestande wat gedurende Juniemaand in die Wes-Kaap geheers het, het die kerkraad laat besluit om die grootsaal by twee geleenthede as 'n tydelike nagskuiling vir hawelose mense in te rig. Ander gemeentes het ook nou by die projek betrokke geraak en tydens die ongure weer wat die afgelope naweek in die Wes-Kaap ondervind is, is hawelose mense ook in die NG Kerk Durbanville-Bergsig se fasiliteite gehuisves. Die kerkraad is opgewonde oor die betrokkenheid van die breë geloofs- en ander kerkgemeenskap by dié projek.

## VOEDSELHULP EN WINTERKLERE

Voedselhulp in samewerking met verskeie nieregeringsorganisasies, asook met ons medewerkers in verskillende gemeenskappe, bly een van die gemeente se hoogste prioriteite. Voedsel word tans weekliks in Wesbank, Khayelitsha en Ysterplaat versprei.

Indien jy tot die uitgebreide voedselbediening wil bydra, kan jy 'n elektroniese oorbetaling na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, maak. Gebruik *hande en rande* as verwysing.

Daar is ook 'n groot behoefte aan winterklere veral vir kinders in die Karoo. Indien jy met winterklere kan help, gee asb. bydraes by die kerkkantoor af op weeksdae tussen 08:00 en 13:00.

## BETREKKINGS AANGEBIED

- **Ontvangsdame Edelweiss ACVV Dienstak.** Werksure: Maandag tot Vrydag vanaf 08:00 tot 14:00. Lees volledige besonderhede in die aanlyn Samaritaan-advertensieblad op www.stellenberg.co.za. Sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Julie 2020.
- **Rekeningkundige beampte | NG Kerk Suid-Afrika.** Dit is 'n 6/8-pos. Volledige besonderhede is in die aanlyn Samaritaan-advertensieblad op www.stellenberg.co.za beskikbaar. Sluitingsdatum vir aansoeke is 28 Julie 2020.

### LERAARS

Ds. Hanno Ackerman
079 543 5261
hanno@stellenberg.co.za

Ds. Marius Breytenbach
082 376 6053
marius@stellenberg.co.za

Ds. Philipp Dietmann
084 354 0729
pdietmann@gmail.com

Ds. Why Duvenhage
082 570 5931
why@stellenberg.co.za

Ds. René Potgieter
079 893 8104
rene@stellenberg. co.za

Ds. Callie Visagie
072 385 4368
ctvisagie@
stellenberg.co.za

**Stellenberg Ondersteuningsentrum (SOS)**

Rudolph van Schoor
Sentrumbestuurder
082 854 4530
rudolph@stellenberg.co.za

## TERUGVOER OOR FINANSIES

Ons sê graag weer dankie aan elke lidmaat wat steeds 'n bydrae maak om die gemeente se wiele aan die rol te hou. Soos voorheen gekommunikeer, is alle gemeente-uitgawes tot op die been gesny en 'n gewysigde begroting, gegrond op 'n verwagte inkomste van sowat 66% van die aanvanklike begroting, is aanvaar. Die volgende inligting word verstrek om meer lig te werp op die hersiene begrotingsbesluite:

- Geen personeellid is sover afgelê nie. Jaarlikse verhogings, asook dertiende tjeks vir alle personeellede is opgeskort. **Personeel sal maandeliks 80% van hul normale vergoeding ontvang**. Die TERS-fonds maak dit egter moontlik dat die personeel vir ongeveer vier maande wel **90% van hul ooreengekome vergoeding** sal ontvang. Predikante ontvang ook net 'n gedeelte van hul reiskoste. Die bogenoemde ooreenkoms met die personeel duur vir die boekjaar wat in Februarie 2021 eindig.
- Die grootste verlies aan inkomste is die **R2,25 miljoen van die feesmark**, aangesien die mark nie aangebied kan word nie.
- Die kerkraad hou die inkomste deurgaans dop en sal aanpassings maak na aanleiding van die realisering daarvan, al dan nie.
- In die hersiene begroting is bereken dat 30% van die bankkollekte en 100% van die maandelikse dankoffer ontvang behoort te word. Tans beloop die insameling kumulatief soos volg (vanaf begin Maart):
    - ◊ Bankkollekte: Totaal van R230 035. Dit is R16 195 meer as wat in die aangepaste begroting voorsien is en 'n tekort van R136 629 op die aanvanklike begroting.
    - ◊ Maandelikse dankoffers: Totaal van R1 938 149; dus R110 877 meer as begroot in die aangepaste begroting.
    - ◊ Totaal van genoemde twee insamelings toon dus slegs 'n R25 752 tekort op die oorspronklike begroting van 2020-'21.

Die kerkraad, onder leiding van die strategiekommissie, ontleed voortdurend die gemeentelike bedieningsmodel en die volhoubaarheid daarvan, asook personeelbehoeftes, die aanwending van personeel en laastens, die finansiële volhoubaarheid van die totale sisteem. Die veranderde kerklike omgewing, asook alle uitdagings waarvoor die gemeente te staan kom, is in Augustus op die agenda om te verseker dat ons praktiese uitvoering gee aan ons gemeentelike visie, *Jesus Christus, ons Verlosser, leef!*

## FINANSIËLE BYDRAES

### Debietorder

Laai die aansoekvorm van die webwerf af.

### EFT-betaling

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening


145 058 0011, takkode 632005.


### SnapScan

### Kontantbydraes – plaas in die posbus

Diegene wat verkies om hulle bydraes kontant te gee, kan steeds kontantbydraes by die kerkkantoor afgee. Daar is 'n beveiligde posbus by die voordeur van die kerkkantoor. Plaas jou bydrae daarin. Die posbus word daagliks leeggemaak.

## DANKOFFERS EN BANKKOLLEKTES




**STELLENBERG-GEMEENTE**

www.stellenberg.co.za

**Kerkkantoor**

021 976 4519

navrae@stellenberg.co.za

Die kerkkantoor is weeksdae, vanaf Maandag tot Vrydag tussen 08:00 en 13:00 oop.

Met die oog op Covid-19-protokol, versoek ons besoekers om waar moontlik nie die kantoor te betree nie. Pakkies kan by die voordeur se hek, op die stoep, gelaat word. Ons sal dit daar in ontvangs neem. Doen sover moontlik asseblief telefonies tussen 08:00 tot 13:00 navraag oor sake of stuur 'n e-pos na navrae@ stellenberg.co.za.

**Straatadres**

h.v. Moutain View-rylaan en Edelweissweg, Eversdal, 7550